Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

MEI 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

GANSBAAI TREK VOORDEEL UIT R8.4 MILJOEN OPGRADERING VAN GROOTMAATWATERTOEVOER

Die verwagte opgradering van die finale fase vir grootmaatwatertoevoer na Gansbaai het in alle erns begin en as alles volgens plan verloop, sal die projek teen die middel van Junie vanjaar voltooi wees.

Die eerste twee fases van die projek is onderskeidelik in 2010 en 2015 voltooi.

Die konstruksie van die laaste fase behels meer as 2 km van 355 mm-deursnee PVCO-pypleiding wat na die hoofopgaardam in Gansbaai loop.

Die gefaseerde opgradering van die pypleiding vir grootmaatwatertoevoer vanaf die Franskraal-watersuiweringsaanleg na die Gansbaai-hoofopgaardam is nodig om te verseker dat voldoende volumes behandelde water na Gansbaai vervoer word om die groeiende bevolking van water te voorsien.

Die pyproete volg die serwituut van die bestaande pyplyn vanaf die R43-hoofpad deur grootliks onontwikkelde gebiede, en strek verby die Gansbaai-stortingsterrein na die hoofopgaardam.

'n Gedeelte van die waterpypleiding in Buitenkantstraat sal ook as deel van die projek opgegradeer word. Die ontwrigting van verkeer en watertoevoer na inwoners in die gebied sal tot 'n minimum beperk word.

Kennisgewing van beplande wateronderbrekings sal ten minste 48 uur voor die sluiting van die betrokke kleppe met inwoners gekommunikeer word. (Die ingenieur se verteenwoordiger op die terrein kan by 082 925 2258 geskakel word vir enige navrae.)

Let wel:

- Die Kraaibosch-dam voorsien grootmaatwater aan die Groter Gansbaai-gebied, insluitend Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal en Uilenkraalsmond. Die water word tot 'n drinkbare standaard by die Franskraal-watersuiweringsaanleg behandel.
- Overstrand Munisipaliteit se watertoekenning uit die Kraaibosch-dam is steeds voldoende om te verseker dat daar in die volgende 10 tot 15 jaar in die geprojekteerde vraag na water voorsien word. Die kapasiteit van die Franskraal-watersuiweringsaanleg is ook voldoende vir die geprojekteerde toename in aanvraag oor die medium termyn.

GEEN RIOOLAANSLUITING NIE?

Verbruikers met riooltenke of septiese tenke wat NIE aan 'n rioolnetwerk kan verbind nie, kan voor 30 September aansoek doen om hul tarief aan die begin van Overstrand se boekjaar (1 Julie) te verander; of wanneer daar 'n verandering in die status van die eiendom se okkupasie is.

Opsie 1:

Betaal 'n basiese fooi van R78,65 plus die infrastruktuurheffing van slegs R10,94 per maand, met dien verstande dat elke keer as 'n tenkwadiens versoek word, die diens teen R537,09 per 6kℓ of gedeelte daarvan (kantoorure, d.w.s. weeksdae voor 15:00) of R1 074,18 per 6kℓ of gedeelte daarvan (na-ure) per verwydering gehef sal word.

Opsie 2:

Betaal 'n basiese fooi van R116,74 plus R13,14 per kℓ water per maand verbruik, gegrond op 'n maksimum van 35 kℓ per maand (70% van 50 kℓ), plus die infrastruktuurheffing van R10,94 per maand, wat u geregtig maak om die tenkwa gedurende kantoorure uit te roep teen geen addisionele koste nie. Soos per opsie 1 hierbo, sal alle na-uurse diensversoeke teen R1 074,18 per 6kℓ of gedeelte daarvan per verwydering gehef word.

Enige navrae in verband met bogemelde kan gerig word aan Overstrand se Belasting- en Databeheerkantoor by telefoon **028 313 8000** of per e-pos na **enquiries@overstrand.gov.za**.

*Let wel: *Gekwoteerde pryse is slegs geldig tot 30 Junie 2017.*

EENVOUDIGE GIDS MET DIE VERKOOP VAN EIENDOM

VOLG HIERDIE RIGLYNE OM SONDER MOEITE 'N KLARINGSERTIFIKAAT TE BEKOM

Die koop en verkoop van eiendom behels baie papierwerk en een van die belangrikste prosesse is om 'n klaringsertifikaat vir eiendomsbelasting te bekom, want daarsonder kan 'n verkoper nie wettig sy of haar eiendom verkoop nie.

1. Aansoeke om belastingklaringsertifikate word deur 'n aktebesorger (prokureur) hanteer, en nie deur die verkoper nie. Die munisipaliteit sal slegs 'n uitklaringsertifikaat uitreik wanneer 'n voltooide, voorgeskrewe aansoekvorm asook alle vereiste dokumentasie van die aktebesorger ontvang is. Die verkoper bly egter verantwoordelik om alle koste te betaal wat in hierdie verband aangegaan is, asook vir die vereffening van enige uitstaande bedrae wat aan die munisipaliteit verskuldig is.

2. Aansoeke om belastingklaring vir eiendomme sonder enige verbeterings (onbeboude grond) moet eers deur die Brandweerafdeling ondersoek word voor die aktebesorger van enige uitstaande bedrae betaalbaar in kennis gestel word. Sou die onbeboude grond as 'n brandgevaar verklaar word, sal 'n deposito vir opruiming van die erf bygevoeg word by die gelde wat vooruit betaalbaar is, tensy die eiendom opgeruim en weer deur die Brandweerafdeling ondersoek en as vry van 'n brandgevaar verklaar word. Die administrasiegelde vir erfopruiming is R1 100 plus die werklike koste van die opruiming van die erf, wat ingevolge Tendernommer 1481/2014 gehef sal word.

3. Die koste vir aansoeke om belastingklaringsertifikate wat per e-pos of faks ontvang word, asook waardasiesertifikate, beloop R451. Die koste vir elektroniese aansoeke via Korbitec of L@W beloop R144 (dus 'n goedkoper opsie). Sorg dat u prokureur aanlyn om 'n belastingklaringsertifikaat aansoek doen.

4. Met die verkoop van enige eiendom binne Overstrand area sal die Raad die oordrag van 'n eiendom vertraag deur 'n klaringsertifikaat te weerhou tot tyd en wyl alle belastings, diens- en diverse heffings, asook enige geskatte bedrae betaalbaar op die eiendom vir die duur van die geldigheid van die sertifikaat ten volle vereffen is.

5. Die geldigheidstydperk van 'n belastingklaringsertifikaat is 90 dae en die bedrag betaalbaar sal 4 (vier) maande se vooruitbetalings, plus alle lopende uitstaande skuld op die eiendom insluit.

6. By ontvangs van die behoorlik voltooide aansoekvorm vir belastingklaring, het die munisipaliteit 10 (tien) werksdae om die bedrag verskuldig vir betaling aan te stuur, en nog 10 (tien) werksdae om die belastingklaringsertifikaat uit te reik ná ontvangs van bewys van betaling.

7. Waar 'n debiteur ten opsigte van die agterstallige bedrag op 'n eiendom reëlings met die munisipaliteit getref het, sal die voorgeskrewe sertifikaat waarna verwys word in artikel 118 van die Stelselswet nie uitgereik word tot tyd en wyl die volle uitstaande bedrag vereffen is nie.

8. Verkopers word ook daaraan herinner om te sorg dat die vorms vir diensafsluiting behoorlik voltooi is vir eiendomme wat met water- en/of kragmeters toegerus is sodat dit na die nuwe eienaar (die koper) oorgedra kan word. Eweneens word kopers van eiendomme wat toegerus is met water- en/of kragmeters daaraan herinner om aansluitingsvorms te voltooi. Hierdie vorms is beskikbaar op ons webblad by www.overstrand.gov.za. Klik op 'Documents', dan 'Forms' en dan 'Revenue Application Forms'.

9. Vir enige verdere navrae, skakel die munisipalite by 028 313 8000 en vra vir die Belasting- en Databeheerkantoor. U kan andersins u navraag faks na 028 312 1894 of e-pos stuur na enquiries@overstrand.gov.za.

***Gekwoteerde pryse is geldig tot 30/6/2017**

VERMY POLISTIREEN ter wille van u gesondheid en dié van die planeet

Uitgebreide polistireen, beter bekend onder die handelsnaam Styrofoam, is 'n liggewigmateriaal bestaande uit 95% lug en 5% plastiek wat onder meer vir isolasie in behuising en bote, en verpakking vir rekenaars, televisies en ander elektronika gebruik word. Dit word ook wydverspreid in die voedselbedryf gebruik, veral vir houers vir vleisprodukte, groente en vrugte. Styrofoam word dikwels vir wegneemetes, oorskietkos en warm drinkgoed gebruik.

Dit is 'n petroleum-gebaseerde produk wat van beperkte hulpbronne soos olie, petroleum of gas vervaardig word, en is moeilik om te herwin. Styrofoam bevat chemikalieë wat nadelig kan wees vir diegene wat by die vervaardiging daarvan betrokke is, asook diegene wat warm kos in wegneemhouers eet. As daardie kos in 'n mikrogolf herverhit word, maak dit dinge net erger. Teen 100 grade smelt die skuim, dring die kos binne en stel stireengas vry, wat giftige deursypeling is. Hierdie chemikalieë is in verskeie kankers, gastro-intestinale versteurings, verswakte konsentrasie en asemhalingsprobleme geïmpliseer. Dit is om veiligheidsredes raadsaam om u wegneemetes oor te plaas in 'n keramiek- of glashouer voor u dit verhit.

Slegs groot stede het die fasiliteite om Styrofoam te herwin en neem dit in die meeste plekke in Suid-Afrika, Hermanus ingesluit, baie ruimte as afval by stortingsterreine op vanweë die volume. Wanneer dit wel herwin word, is dit nie 'n geslote stelsel waar Styrofoam-koppies in nuwe skuimkoppies omskep kan word nie. Soos met die meeste herwinning word dit hergebruik vir items soos skinkborde of fotorame. Styrofoam is baie lig in gewig en waai rond en besoedel o.a riviere en die see. Dit is welbekend dat Styrofoam in klein stukkies opbreek wat voëls en diere laat verstik omdat hulle die stukkies met kos verwar. Hierdie diere sterf dikwels omdat die plastiek nie verteer nie en hul spysverteringstelsels verstop.

In die VSA word 25 miljard Styrofoam-koppies per jaar gebruik; wat 'n skrikwekkende syfer! Verskeie stede en state regoor die wêreld het 'n verbod op Styrofoam geplaas – dalk moet ons dit ook oorweeg. Dis nie asof daar geen alternatiewe is nie.

WAT U KAN DOEN

- Koop los vrugte en groente, waar moontlik.
- Wanneer u vleis koop, vind slagters wat karton of ander volhoubare houers soos "bagasse" gebruik (dit word van suikerriet gemaak).
- Sorg dat u wegneemhouer van karton gemaak is of neem u eie herbruikbare houer saam.
- Vermy dit om koffie in Styrofoam-koppies te koop; wees op die uitkyk vir keramiekkoppies, eko-koppies of neem u eie beker saam.

SPAAR PAPIER, RED 'N BOOM, sorg vir u gesondheid en die planeet s'n DEUR AANLYN TE GAAN

Munisipaliteit Overstrand se Departement Belasting het weereens 'n Sertifikaat van Prestasie ontvang vir hul bydrae tot omgewingsbewaring en omdat hulle die kwartaallikse "Groei Jou Boom"-teiken met behulp van die Rates Clearance.com-stelsel behaal het.

Deur 'n belastingklaringsertifikaat elektronies uit te reik, bespaar die munisipaliteit ongeveer een boom vir elke 600 elektronies verwerkte aansoeke.

Die koste vir 'n aansoek om belastingklaringsertifikate en waardasiesertifikate wat per e-pos of faks ontvang word, beloop R451. Die koste vir 'n elektroniese aansoek om dieselfde sertifikate via Korbitec of L@W beloop R144 (dus 'n goedkoper opsie).

Nie minder nie as 3 000 belastingklaringsertifikate is in die 2016-tydperk aanlyn uitgereik, met die gevolg dat Korbitec vyf Eureka-suurlemoenbome namens die munisipaliteit geskenk het aan Zwelihle-inwoners Frans Manyani (White City) en Ayanda Ngonyama (Thambo Square). Die ander bome sal in Mshenxiswa Village geplant word.

Die munisipaliteit is ten gunste daarvan dat bome binne privaat eiendomme in hierdie woongebeide geplant word, aangesien die ruimte op die meeste sypaadjies in die informele nedersettings gewoonlik beperk is. Slegs bome wat aan die munisipaliteit geskenk word kan vir hierdie doel gebruik word – op voorwaarde dat die grondeienaar volle verantwoordelikheid vir die instandhouding van die betrokke bome neem.

Die munisipaliteit het nie beheer oor bome wat op private eiendom geplant word nie, maar glo vas dat boomplanting in ons dorpe bevorder moet word deur die implementering van volgehoue aanplantingsprogramme, met gemeenskapsdeelname.

Munisipaliteit Overstrand verwelkom dus versoeke van inwoners wat bome op hul eiendom wil plant, met dien verstande dat eienaars of bewoners verantwoordelikheid aanvaar om die bome nat te maak tot dit gevestig is soos ooreengekom.

Die hoofdoel van die verfraaiing van informele nedersettings is om die stowwerige landskap van gevestigde en nuwe gebiede te omskep in groen, pragtige omgewings. Die doel is basies om volhoubare en leefbare woonbuurte te vestig.

Sigaretstompies - MAAK OVERSTRAND SKOON

Dié gemors laat ons stom(pie)geslaan!

Sigaretstompies word toenemend een van ons grootste rommelprobleme. Dit het in die laaste paar jaar selfs groter geword, deels as gevolg van wetgewing wat rook in openbare geboue en restaurante verbied. Rokers word gedwing om buite te rook en die stompies word net daar gegooi.

Sigaretstompies lyk miskien klein, maar met 'n geskatte 28,5 miljoen stompies (gelykstaande aan 14,3 ton) wat jaarliks in die sentrale sakegebied van Hermanus gestrooi word ('n gebied van 0,25 km2), is die totale hoeveelheid giftige chemikalieë wat dit bevat kommerwekkend.

"Ons vind nog groot hoeveelhede afval wat in die see beland. Veral plastiese doppe, strooitjies en sigaretstompies. Mense is geneig om te dink dat dit klein stukkies rommel is wat geen verskil sal maak nie, veral wanneer dit in dreine gegooi word," sê Anina Lee van Whale Coast Conservation (WCW).

"Die stryd teen afval word nie bloot deur opruimingswerk gewen nie, maar deur mense bewus te maak van wat hulle weggooi en waar hulle dit weggooi," het sy bygevoeg.

Afgesien van die vanselfsprekende brandgevaar, eis gestrooide stompies sy tol op ons waterweë en seelewe. Daar is 'n algemene wanbegrip dat sigaretstompies bioafbreekbaar is, maar eintlik is dit nie. Die plastiek in die filter kan tot 10 jaar neem om te ontbind. Daar is ook chemikalieë in sigaretstompies wat giftig vir seelewe is.

Wat kan ek dus doen?

Raak altyd op 'n verantwoordelike wyse van sigaretstompies ontslae. Rokers moet byvoorbeeld nie hul stompies by die motorruit uitgooi nie, of dit in 'n oop area neergooi wanneer hulle openbare geriewe soos kampeerterreine, strande en braai-areas besoek nie.

Daar is draagbare houers vir stompies op die mark beskikbaar en iets so eenvoudig soos 'n leë bottel of blikkie met 'n bietjie water is 'n beter opsie vir stompies.

Ondernemings en ander organisasies wat permanente oplossings soek vir die probleem wat sigaretstompies veroorsaak, kan met die Whale Coast Conservation in verbinding tree vir een van hulle spesiaal ontwerpte stompiehouers. Die houers word plaaslik vervaardig en bied dus werksgeleenthede. U kan 'n houer borg teen 'n koste van R450 per houer. Vir verdere inligting, kontak Anina Lee by **028 316 2527** of e-pos **anina.wcc@gmail.com**.

• Enige voorvalle van onwettige storting kan by Overstrand se beheerkamer aangemeld word – skakel 028 313 8000/8111. Vir dag-tot-dag klagtes rakende wetstoepassing, skakel 028 313 8980.

OAK

OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK) bied op Sondagmiddag, 21 Mei 2017, 'n jong Italiaanse professor in klavier in konsert aan. Giovanni Nesi word beskou as een van die mees uitstaande musikante van sy era; hy het reeds verskeie toekennings ontvang en dwarsoor Europa opgetree. Hy sal sonates van Beethoven en Schubert speel.

Giovanni Nesi

Die konsert sal in die ouditorium by die Burgersentrum in Hermanus plaasvind en begin om 15:30.

Skakel BELLINI by 028 312 4988 om u sitplek te bespreek. Kaartjies kos R130 en R60 vir studente. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere navrae.

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

2017 Burgemeestertoekennings Beroep op Nominasies

Kategorie 1: Uitblinkers in Voortreflikheid
Kategorie 2: Vrou van die Jaar
Kategorie 3: Omgewingsbewaring
Kategorie 4: Entrepreneurskap
Kategorie 5: Junior Uitblinker
Kategorie 6: Toerisme-ontwikkeling en -bemarking
Kategorie 7: Overstrand-amptenare van die Jaar
- **Gebied van Dienslewering**
- **Gebied van Kliëntediens**
- **Gebied van Innovasie**

Voltooi asseblief die nominasievorm wat by die Burgemeester se kantoor beskikbaar is, en dien dit in saam met 'n kort CV van die genomineerde en 'n omvattende motiveringsbrief deur die nomineerder.

Alle nominasies moet teen 30 Junie 2017 gerig word aan Doret Taljaard by dtaljaard@overstrand.gov.za of met die hand afgelewer word by die Burgemeester se kantoor. Rig enige vrae of navrae aan Samantha Carelse by pro@overstrand.gov.za of telefoon: 028 313 8193.

Die Burgemeestertoekennings sal die aand van 21 September 2017 plaasvind.